DIE DOEL VAN DIE KANTOOR

Die Kantoor van Openbaarmaking is ingestel ingevolge artikel 4 van die Wet op die Openbaarmaking van Huislenings en Verbande, 2000 (Wet No. 63 van 2000) met as primêre doel die monitering van die leenpatrone en praktyke van finansiële instellings in die toestaan van huislenings aan verbruikers. Die Wet verplig finansiële instellings om inligting ten opsigte van hulle leningsaktiwiteite in die huisleningsmark openbaar te maak.

WAT IS ONS VISIE?

Om die Wet af te dwing en billike behuisingsfinansiering te bevorder.

WAT IS ONS MISSIE?

Om by te dra tot die bereiking van etiese praktyke wat toegang tot behuisingsfinansiering in die land te verhoog/bevorder.

WAAROOR GAAN DIE WET?

Om regverdige leningspraktyke te bevorder, wat die openbaarmaking deur finansiële instellings van inligting betreffende die voorsiening van huislenings vereis; om 'n Kantoor van Openbaarmaking in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat hiermee in verband staan.

ORGANIGRAM

Die Kantoor se struktuur is soos volg:

Voorsitter:
Kantoor van Openbaarmaking

↓

Ondervoorsitter:
Kantoor van Openbaarmaking

↓

Lede:
Kantoor van Openbaarmaking → **Sekretariaat**

Sekretariaat is 'n komponent in die Departement van Menslike Nedersettings wat die Kantoor van Openbaarmaking ondersteun.

KONTAKBESONDERHEDE:

KANTOOR VAN OPENBAARMAKING
DEPARTMENT VAN MENSLIKE NEDERSETTINGS
PRIVAATSAK X644
PRETORIA
0001

GOVAN MBEKI-GEBOU
JUSTICE MAHOMEDSTRAAT 240
SUNNYSIDE
PRETORIA
0002

TEL: (012) 421 1572/1799
FAKS: 086 614 7662/086 611 0018
TOLVRY: 0800 146 873
E-POS: disclosure@dhs.gov.za

DEPARTEMENT VAN MENSLIKE NEDERSETTINGS

DIE PROFIEL

VAN DIE KANTOOR VAN OPENBAARMAKING

human settlements
Department:
Human Settlements
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WAT IS DIE KANTOOR VAN OPENBAARMAKING SE OOGMERKE?

- Om voldoening aan die Wet op die Openbaarmaking van Huislenings en Verbande, 2000 (Wet No. 63 van 2000) en die bepalings van item 4 van die Bylae van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet No. 4 van 2000) te verseker;
- Om die belange van huisleningsverbruikers/-gebruikers te bevorder met betrekking tot regverdigheid, kontinuïteit en gehalte van dienste;
- Om gelyke en regverdige toegang tot huislenings in alle finansiële instellings te bevorder;
- Om enige diskriminerende patrone en praktyke van finansiële instellings met betrekking tot huislenings uit te skakel;
- Om kliënte se klagtes betreffende huisleningsaansoeke te hanteer; en
- Om moontlike diskriminerende leningspatrone te identifiseer en verrigtinge in te stel.

WAT IS DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KANTOOR?

(1) Die Kantoor is verantwoordelik vir:

(a) die ontvangs van die vereiste inligting;
(b) die ontleding en vertolking van die vereiste inligting;
(c) die ontvangs en ondersoek van openbare klagtes oor finansiële instellings betreffende huislenings ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure;
(d) die beskikbaarmaking aan die publiek van inligting wat aandui of finansiële instellings die behuisingskredietbehoeftes van burgers dien of nie;
(e) die prestasiebepaling volgens voorgeskrewe kriteria van sodanige finansiële instellings ooreenkomstig sodanige inligting;
(f) hulpverlening met die identifisering van moontlike diskriminerende leningspatrone en die bystaan van enige statutêre regulerингsliggaam ten opsigte van die afdwinging van voldoening aan antidiskriminerende wetgewing;
(g) die jaarlikse verslagdoening aan die Minister ten opsigte van sy werk gedurende die voorafgaande jaar, en sodanige verslag moet 'n ontleding insluit van die prestasie van elke finansiële instelling ten opsigte van voldoening aan die bepalings van die Wet; en
(h) aanbevelings aan die Minister doen oor enige aangeleentheid wat binne die bestek van hierdie Wet val.

(2) Die Kantoor:

(a) moet verseker dat finansiële instellings voldoen aan hierdie Wet en die bepalings van item 4 van die Bylae van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet No. 4 van 2000);
(b) moet die Minister van raad voorsien oor die formaat, inhoud en tydsberekening van openbaarmaking deur finansiële instellings ingevolge die vereistes van hierdie Wet;
(c) kan van finansiële instellings vereis om inligting te staaf wat ingevolge hierdie Wet openbaar gemaak is waar redelike twyfel bestaan of die openbaargemaakte inligting heeltemal juis of omvattend is of nie; en
(d) kan openbaargemaakte inligting ondersoek en verrigtinge instel om die geldigheid van openbaargemaakte inligting deur 'n finansiële instelling ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet te verifieer, en vir hierdie doeleindes moet sodanige finansiële instelling aan die Kantoor alle redelike bystand en toegang tot persele en inligting verleen om die Kantoor in staat te stel om sodanige inligting te ontleed en te vertolk.

JURISDIKSIE VAN DIE KANTOOR VAN OPENBAARMAKING

Volgens die Wet op die Openbaarmaking van Huislenings en Verbande, 2000, kan die Kantoor van Openbaarmaking slegs aandag skenk aan klagtes met betrekking tot die volgende:

- Diskriminerende huislening-leningspatrone deur finansiële instellings; en
- Enige aangeleenthede wat binne die bestek van die Wet val.

AANGELEENTHEDE BUITE DIE JURISDIKSIE VAN DIE KANTOOR

Die Kantoor het geen jurisdiksie oor aangeleenthede met betrekking tot die vastelling van:

- Vereistes vir huislenings;
- Die toestaan van huislenings;
- Die invulling en aanvaarding van huisleningaansoekvorms;
- Rentekoerse;
- Leningsterugbetalingstydperk;
- Verband-/huislening-paaiemente;
- Kredietwaardigheid;
- Persoonlike finansiële status; en
- Huisleningsverwante koste.

SAMESTELLING VAN KANTOOR

Die Kantoor se nege (9) lede is aangestel deur die Minister uit hoofde van hulle kundigheid en ervaring betreffende aangeleenthede rakende banksake, behuisingsfinansiering en belegging, gemeenskapsekonomie en burgerregte.